



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

9 Desember 2021

Gedagte vir die week: Elke lewe het sy eie tekens waaraan 'n mens moet aandag gee.

Vertrekpunt: Matteus 25:1-13

Meditasie uit die Woord:

Een van die gewildste onderwerpe waarmee gelowiges hulle besig hou is die tekens van die tye. Die oorwegende behoefte is om die wederkoms akkuraat te voorspel. Gewoonlik verval hierdie gesprekke in algemene stellings soos dat die einde naby is of nou baie naby is of dat dit nader is, ensovoorts. Uiteindelik is die voorspellings nog altyd verkeerd bewys en dan is die verskonings van die voorspellers redelik kreatief, byvoorbeeld dat die wederkoms onsigbaar gebeur het of dat net sekere mense dit kon sien, ensovoorts. Ons almal weet dat dit 'n futiele oefening is en ek sal beslis nie my tyd mors om daaraan deel te neem nie. Vir my is die gelykenis van die tien maagde 'n aansporing tot 'n verstandige en waaksame lewe tot gereedheid vir my persoonlike groot Goddelike ontmoeting. So ek spandeer liever my denktyd en my energie aan hoe ek vandag die meeste en beste kan maak van vandag se minute. Terwyl ander oor Openbaring baklei en elkeen heilig oortuig is van sy uitleg daarvan (daar is tientalle uiteenlopende boeke en verklarings geskryf!) is ek eerder besig met die openbaring van vandag. Waar sien ek God vandag en hoe kan ek vandag deelneem aan God se werke? En is my testament in orde en is my beleggings, twv my vrou, in orde en is my motor gediens en is ek gereed vir AVBOB se klok? Wat dink jy?

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 12 Desember 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/Hg6uEOBZDI>

Meditasie uit die Lewe:

Soms moet 'n mens seker ook lag en laf wees en grappe vertel. Hierdie week skryf die ernstige Prof Wilhelm Jordaan, rubriekskrywer in Die Burger se Van alle kante, 'n ligte storie. Gewoonlik is sy geskifte ernstig en vol wysede van antieke en hedendaagse wysgere. Hierdie week skryf hy egter oor sy ou Cressida wat hy vir R 16 000 verkoop het. Hy skryf dit na aanleiding van iemand wat 'n soortgelyke Cressida vir R 1 000 000 verkoop het en nou "treur" hy omdat hy sy geliefde Cressida so goedkoop verkoop het. Hy verwys na Lucas Maree se bekende lied, "Ek sou kon doen met 'n miljoen". Ek weet hy het dit geskryf met ligte en ondeunde nostalgie. Die storie het my natuurlik nie diep getref nie, maar wat my getref het was Prof Wilhelm Jordaan se vermoë en gewilligheid om sommer net so iets lig en laf te skryf in gerekende rubriek soos Van Alle Kante. Dit getuig van balans. Ek wonder of my ernstige geloof my nie soms bietjie siek maak nie en of dit nie soms onnodig van my lewensvreugde steel nie. Godsdienste kan in meer as een opsig gevaarlik wees en kan 'n mens soms mooi maak, maar soms baie lelik, en soms gelukkig maak, maar soms baie ongelukkig maak. Gesonde balans is iets waarna ons moet streef. Dit is nie vir ons almal ewe maklik om dit te kry nie. Lewers tussen kerkstories en ko-operasiestories lê die balans. Ek soek dit nog.

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**